# Nuwe skakelpersoon by Brandbeskerming

RIVERSDAL NUUS - Philip Wilken is onlangs as skakelbeampte by Suid-Kaap Brandbeskermingsvereniging (SCFPA) aangestel.

Wilkens, voorheen van Levubu in Limpopo en die afgelope sewe jaar in Riversdal, het op 1 November diens aanvaar en sal die skakel tussen SCFPA en grondeienaars wees.

Dié jong plaasboer is opgewonde oor die nuwe uitdaging wat op hom wag en is dankbaar vir die geleentheid wat hy gekry het om vir die pos aansoek te doen.

Wilkens is getroud met Chantell en hulle het drie kinders; Ruan (17), André (16) en 'n laatlam, Rochell (8). Volgens hom is Chantell 'n tuisteskepper, maar sy vervaardig ook Macadamia-olie tuis.

**'Ons bring jou die nuutste Riversdal | Hessequa nuus'**